# Voortrekkers na die nasionale kongres

**Rustenburg** – Die Voortrekker Magalieskruin het drie offisiere gestuur na die nasionale kongres van die Voortrekkers wat gehou is in Bloemfontein tussen 13-16 Julie. Hierdie kongres is die hoogste gesag in die Voortrekkers en word elke 4 jaar gehou. Dr Danie Langner is herverkies vir 'n tweede termyn as die nasionale hoofleier van die beweging.
Kom loer gerus in en kyk wat maak die Voortrekkers! Die spanbyeenkomste vind plaas Maandae om 16h00 by Parkieland (Laerskool Proteapark) of besoek hul *facebook* blad by Magalieskruin Voortrekkers.



Die is 'n uitbeelding van die Voortrekkers se begin in Bloemfontein in 1931 en nou in 2017 weer in Bloemfontein vir die kongres.



Van links: Leandri Pretorius, Bernard Nelson en Adele Benecke by die Vrouemonument in Bloemfontein.

# NW GOLF NEWS

**Rustenburg** – North West Golf is achieving great heights! Andre van Dyk from Klerksdorp has been selected for the SA u/16 team to play in Italy. Christiaan Burke from Potchefstroom was runner-up in the Tshwane Junior Open and Remon Rabie was runner-up of the Sun City Challenge for the u/15s. In the u/13 section Ockie Brits, from Carletonville, came 4th, while Rorisang Nkosi from Pecanwood was 5th.
Theunie Bezuidenhout from Rustenburg won the Rustenburg Winter Classic with Christiaan Burke from Potchefstroom and Wade Jacobs from Klerksdorp as runners-up. Stefan Kruger from Rustenburg was the overall winner for the Seasons Junior Open in Brits.
Hoërskool Rustenburg and Hoërskool Klerksdorp will represent the North West province at the SA High Schools league in August.
The
North West high schools league trials will take place as follows:

- 7 August, Leopard Park Golf Club
- 14 August, Rustenburg Golf Club.

# Vreet stof by die Koster 200!

**Rustenburg/ Koster** – Die Koster 200 op 22 Julie was nie vir sissies nie! Manne en manninne het van ver gekom om die stof te kom sien spat soos die monsters van die bane mekaar les opgesê het.
Dana Vos, algemene bestuurder van Rustenburg Gearbox Services (of beter bekend as Vossies), het die dag se vinnigste tyd aangeteken met sy BMW X3 (E/92 reeks) met 'n witwarm V8 M3 enjin.
Vos is die drywer van die span, genaamd *Vossies Racing*. Sy regterhand, Cornel Burger, is die navigator van die span. Burger is eienaar van die Rustenburg Wheel Alignment Centre. Hulle was ook die algehele wenners van die dag.
Verskeie voertuie het díe dag kom stof eet, insluitende bakkies, *sandmasters* (spinnekop voertuie), motorfietse en *quads*.
Die Koster 200 bestaan uit vier rondtes, waar die deelnemers vier keer om die baan dryf. Plaas en grondpaaie asook die veld het die baan uitdagend gemaak.
Díe resies is aangebied ten bate van die Koster Ouetehuis en al die fondse wat deur die dag gegenereer is, is geskenk aan hulle.
Die dag was 'n reuse sukses en vanjaar was die meeste inskrywings nóg ontvang!
Die prysuitdeling aan die einde van die dag het geëindig in 'n lekker makietie vir al die deelnemers en ondersteuners.
Die organiseerders sê baie dankie vir die borge van die dag, hulle is: Rustenburg Gearbox Services (die hoof borg), Vossies Propshaft, Willem Vos Plant Hire, en Rustenburg Wheel Alignment Centre.


Vossies se span in volle vaart!

# SUPERRUGGAS 2017 – KWART FINALE

**Brumbies vs Hurricanes**
Die *Canes* klop die Brumbies 35-16 in Canberra maar *coach* Chris Boyd was maar brommerig oor die 2016 Kampioenspan se vertoning. Die Hurricanes speel nou volgende in die een semi-finaal teen die Leeus in Jo'burg op Ellispark. Dit is 'n herhaling van verlede jaar waar die *Canes* as wenners uit die stryd getree het.
Dane Coles, vuurvreter haker en *cappie* van die *Canes* is weer terug na 'n besering en dit voorspel niks goed vir die Leeus nie. Nie een *Aussie* span haal dan die semi-finale nie, net so vir die rekord.

**Crusaders vs Highlanders**
In gietende reën en koue slaag die *Saders* daarin om die hul kwart-finaal teen die Highlanders 17-0 te wen, wat ook terloops die halftyd telling was ou grote. Die *Saders* het takties en klinies gespeel en gewys hulle visier is ingestel op die 2017 Supertrofee. Die Crusdaders speel dan in die een semi-finaal teen die Chiefs in Christchurch.

**Leeus vs Sharks**
In Jo'burg slaag die Leeus daarin om 'n verbete aanslag van die Haaie af te weer en wen die spannende *game* 23-21. Dit was die Haaie se beste *game* vanjaar en het nie verdien om die een te verloor nie. Met twee minute speeltyd oor was die Haaie nog voor, maar na 'n reuse blaps deur die heelagter van die Haaie verander die amper-wen in 'n tragiese verloor ou grote. Ruan Combrinck klits 'n reuse strafskop van 56 meter twee minute voor die einde oor, om 'n oorwinning aan die Leeus te besorg. Die Leeus speel nou in semi-finaal tuis teen die verdedigende kampioen, die Hurricanes.

**Stormers vs Chiefs**
Die Stormers se Super droom lê weereens aan skerwe ou grote! Op Nuweland slaag die Chiefs daarin om die Stormers met 17-11 te troef. Hulle het hul kans op 'n oorwinning nie benut nie... Sam Cane het tien minute in die strafkas gaan deurbring. Die Chiefs speel dan nou in een semi-fiaal teen die Crusaders in Christchurch.

*Platinum se voorspelling vir die finaal: Crusaders vs Hurricanes.*

## Curriebeker 2017

**Cheetahs vs Haaie**
In Bloemfontein skop die Vrystaters hul seisoen op 'n hoë noot af en gee die Haaie 'n groot slae ou grote. Die Blikore wen 47-12 en stuur 'n duidelike boodskap as die 2016 kampioene dat hulle nie maklik van hulle titel afstand sal doen nie. Die Cheetahs speel volgende teen die WP in Bloemfontein met die Haaie wat teen die Pumas in Durban gaan uitdraf.

**Griekwas vs Blou Bulle**
In 'n tipiese Curriebeker game slaag die Bulle daarin om die Griekwas in Kimberley 51-45 te klop. Puik *ruggas* is opgedis ou grote. Die Griekwas se volgende *game* is teen die Leeus in Jo'burg met die Bulle wat 'n loslootjie het.

**Pumas vs Goue Leeus**
In die Mbombela Stadion te Nelspruit loop die Leeus hulle vas teen die Pumas en verloor hierdie katgeveg met 43-36. Die Leeus speel volgende teen die Griekwas in Jo'burg met die Pumas wat Durban toe moet reis om teen die Haaie te gaan uitdraf.

Nag ou grote…

# RUSTENBURG EMERGENCY CONTACT NUMBERS

**SAPS**
Rtb Saps Community Service Centre: 014 590 4126/27/39
Rtb SAPS Radio Control Centre: 014 590 4115/6/7
SAPS Boitekong: 014 593/6001/6002/6003
SAPS Emergency No. (Cellphones only): 112
SAPS Marikana: 014 572 3100/43
SAPS Rtb: 014 590 4112
SAPS Thlabane: 014 565 9171/54/59

**AMBULANCE**
Ambulance / Metro Control Room: 014 597 6612
Ambulance / Metro Control Room (Provincial): 10177

**MEDICAL EMERGENCY**
Med 24/7 (Private): 014 592 7801
ER24: 084 124
NetCare 911: 082 911
Trauma Rescue: 014 594 0689 / 0861 789 911
Ferncrest Hospital (Emergencies): 014 568 4339/8
Peglerae Hospital (Casualties): 014 597 2823

**HOSPITALS**
Ferncrest Hospital: 014 568 4399
JST (Provincial Hospital): 014 590 5212 / 5100
La Femme Clinic: 014 594 9500
RusMed 24: 014 523 9378/9351

**SLANG NOODNOMMERS**
Petrus van Breda: 079-897 5611
Peet van Breda: 083-579 3139
Henk Havenga: 083-698 3401
Delport Botma: 082-941 4137
Charles Jansen van Vuuren: 074-414 6138

**CLEANING SERVICES 24/7**
CIA Crime Incident Accident: 079 498 7606

**FIRE**
Fire Department: 014 590 3232 /3444/3333
RLM Emergencies (Fire): 014 590 3090

**RTB LOCAL MUNICIPALITY**
RLM Accounts Queries: 014 590 3508/ 3024
RLM Customer Care Supervisor: 014 590 3872
RLM Emergencies (Fire Dept.): 014 590 3090/3232
RLM Finance Call Centre: 014 590 3849/ 3865/3890/3024
RLM Switchboard: 014 590 3111

**ALARMS**
ADT (Control Room): 086 121 2520 / 086 121 2501
Oracle Protection Services: 014 533 3062/3726 / 081 358 4032
Wesalarms: 014 592 8364

**SSR & CPF/GPF**
CPF Sector 1: 071 175 2804
CPF Sector 2: 072 907 0844
CPF Sector 3: 072 204 4847
CPF Sector 4: 060 897 5488
CPF Sector 5: 082 573 3712
CPF Sector 6: 079 227 9748
Staan Saam RTB: 072 787 2550
Staan Saam Rustenburg Community Watch: 083 296 6949

**SOUTH AFRICAN COMMUNITY CRIME WATCH RUSTENBURG (SACCW)**
079 689 0961

**ANIMAL EMERGENCIES**
Animal Clinic Zinniaville: 014 538 2114
ARAN Veterinary Clinic: 014 592 6007
Bergbos Dierekliniek: 014 533 1959/2084
Bergbos Dierekliniek (A/H): 083 653 1081
Rtb SPCA: 014 592 3181
Rtb SPCA (A/H): 072 933 7723

**WATER**
Water Problem Helpline: 014 590 3088

**ELECTRICITY**
Electricity Helpline: 014 590 3198
Eskom National Line: 086 003 7566

**ROAD & TRAFFIC**
Bakwena N4 Toll Road: 0800 225 9362
Traffic Control Room (Rtb): 014 590 3221

**PLATINUM WEEKLY NEWSPAPER: 014 592 5653 / 072 482 6871.**